Onderwysers is beskikbaar vanaf 07:00 -16:00 gedurende weekdae om ouers se e-posse te beantwoord. Alle kommunikasie geskied amptelik per e-pos en ons vra dat u nie per WhatsApp met personeel sal kommunikeer nie. Indien daar 'n dringende versoek gedurende hierdie tyd is, kan ouers algemene ontvangs kontak om 'n boodskap te los. Onderhewig aan die ondernemings rondom redelikheid en die reg op privaatheid, is die volgende aanvaarbare vorme van kommunikasie tussen ouers en onderwysers:

- E-pos
- Geskrewe boodskap in 'n verseëlde koevert
- Afspraak in persoon





Die D6 Connect toep is die primêre bron van inligting rakende die skool. Die toepassing kan gebruik word vir die besigtiging van u kind se akademiese vordering, gedragsverslae en belangrike kommunikasie wat daar gedeel word.

NOODGEVALLE:

In die geval van 'n noodgeval sal die skool die volgende kommunikasie protokol volg:

- Waar 'n individuele leerder betrokke is, sal die ouer telefonies deur die skool gekontak word.
- Waar 'n groep, of die hele skool geraak word, sal die skool so gou as moontlik noodsaaklike inligting en verdere prosedures aan ouers kommunikeer deur middel van die toep (D6) en per e-pos.

Ons laat 'n 48-uur toe vir terugvoer op kommunikasie. Volg die volgende kanale:

- **Akademiese aangeleenthede:**
Vir akademiese aangeleenthede, kontak eers die betrokke vakonderwyser, daarna die betrokke departementshoof en daarna die adjunkthoof: akademie. Vervolgens kan u die skoolhoof nader.
- **Leerdersake aangeleenthede:**
U kontak eers die graadhoofde, en daarna die hoof: leerdersake. Vervolgens kan u die skoolhoof nader.
- **Geboue en terrein:**
Indien u klagtes of voorstelle aangaande die geboue en terrein het, kan u met die hoof: Infrastruktuur en daarna die skoolhoof in gesprek tree.
- **Sport:**
Vir sportsake, kontak eers die afrigter, daarna die direkteur/hoof/promotor van die betrokke sport, en dan die sporthoof. Vervolgens kan u die skoolhoof nader.
- **Kultuur:**
Vir kulturele aangeleenthede kontak die betrokke onderwyser, daarna die promotor van die aktiwiteit en daarna die kultuurhoof. Vervolgens kan u die skoolhoof nader.
Indien u onseker is, kan u die gesentraliseerde e-pos per graad kontak, en die graadhoofde sal u na die regte persoon verwys.

Graad 8 2026: eldo2030@hseldo.co.za
Graad 9 2026: eldo2029@hseldo.co.za
Graad 10 2026: eldo2028@hseldo.co.za
Graad 11 2026: eldo2027@hseldo.co.za
Graad 12 2026: eldo2026@hseldo.co.za

Baie belangrik:

- Graadhoofde skep per voogklas WhatsApp-groepe om die kommunikasie rakende skoolaktiwiteite te vergemaklik. Inligting rakende aktiwiteite word nie binne skoolure hierop gedeel nie. Die plasing sal voortaan deur 'n sentrale Whatsapp-nummer, **Eldo-Admin 2026**, geplaas word. Enige verdere kommunikasie moet via e-pos geskied.
- Dit is die onderskeie onderwysers, afrigters, direkteure en promotors se verantwoordelikheid om nuus rakende die skool en leerders se prestasies binne skoolverband aan die skoolgemeenskap te kommunikeer, deur die inligting aan die relevante kanale beskikbaar te stel. Die skool is egter nie altyd bewus van leerders se prestasies buite skoolverband nie, en daarom is dit ouers se verantwoordelikheid om prestasies buite skoolverband aan die betrokke personeel te kommunikeer. Dit kan gedoen word deur 'n e-pos met die nodige besonderhede te stuur aan die betrokke graadhoof, wat dit sal verwys na die relevante persoon om te hanteer. Dit sal die skool in staat stel om die betrokke leerders geluk te wens met hul prestasie en ook waar relevant, leerders die nodige erkenning te gee tydens meriete-aande.





16. KULTUUR

Kultuur is deel van die hartklop van Hoërskool Eldoraigie. Ons sien met groot opgewondenheid uit om voort te bou op hierdie sukses en selfs hoër hoogtes in 2026 te bereik.

Die volgende kultuuraktiwiteite word by Hoërskool Eldoraigie aangebied:

- | | |
|---------------------------------|----------------|
| ▪ Dans | ▪ Visuele kuns |
| ▪ Cheerleading | ▪ Redenaars |
| ▪ Sang | ▪ Orators |
| ▪ Drama | ▪ Debat |
| ▪ Toneel | ▪ Produksie |
| ▪ Musiek (verskeie instrumente) | ▪ Skryfkuns |
| | ▪ Koor |

Ons bied jaarliks verskeie kultuur-glansgeleenthede aan, onder andere: Mnr. en Mej. Eldoraigie, die Eldo Zing-sangkompetisie, Eldo-Kunstefees, Interne toneelfees, 'n produksie, asook verskeie werksinkels by redenaars, orators, debat en toneel.

Vir inligting rakende hierdie aktiwiteite, kan u die promotor van elke aktiwiteit kontak.

- Dans & cheerleading: Me. Amor Le Roux – leroux@hseldo.co.za
- Sang, drama, produksie en Musiek: Me. Vinkie Schaap – schapv@hseldo.co.za
- Toneel: Me. Elaine Pansegrouw – pansegrouwe@hseldo.co.za
- Visuele Kuns: Me. Sunette Pearce – pearces@hseldo.co.za
- Redenaars: Me. Carla Fourie – fouriec@hseldo.co.za
- Orators: Me. Joellen Botha – bothaj@hseldo.co.za
- Debat: Me. Mariska Coetzee – coetzeem@hseldo.co.za
- Skryfkuns: Me. Sunel Combrinck – combrincks@hseldo.co.za
- Koor: Me. Ameri de Beer – debeera@hseldo.co.za

Oudisies vir die koor, dansspanne en toneel, vind reeds in Januarie / vroeg Februarie 2026 plaas.

- Toneel oudisies: 27 – 29 Januarie
- Koor oudisies: 19 Januarie
- Debat uitdunne: 21 Januarie
- Dansspanne en cheerleading oudisies: 20 Januarie
- Redenaars interne uitdunne: 10-11 Februarie
- Orators interne uitdunne: 17 Februarie

Indien daar enige navrae oor oudisies en uitdunne is, kan u die promotor van elke aktiwiteit kontak.

Let asseblief op na die volgende:

- Dit is elke leerder se verantwoordelikheid om rekord te hou van alle kultuurprestasies wat hul deur die loop van die jaar behaal. Indien 'n leerder nie hul kultuur uitslae teen die gegewe sperdatum inhandig nie, kan hul nie kwalifiseer vir meriete, kleure en erekleure nie.
- Dit is verpligtend vir elke leerder wat aan kultuuraktiwiteite, spesifiek sang, drama, visuele kuns, fotografie, dans en instrumentaal deelneem, om jaarliks vir die Eldo-Kunstefees in te skryf. Indien 'n leerder nie aan ons interne Kunstefees deelneem nie, kwalifiseer hulle nie vir meriete, kleure en erekleure, ten spyte van buiteprestasies nie.
- Ons motiveer alle leerders en ouers om deel van die Eldo-Kultuurspan te word. Daar is oneindig baie geleenthede vir leerders om hul talente te ontwikkel en self nuwe talente te ontdek.
- Ons verwag van alle leerders wat by enige kultuuraktiwiteit aansluit, om deurlopend toegewyd deel te neem en oefeninge getrou by te woon.





17. LTSM

Ons is trots daarop dat alle LTSM, sowel as die eerste stel skrifte gratis aan elke leerder voorsien word. Handboeke word aan die begin van die jaar teenoor elke leerder se naam geskandeer en dit bly die leerder se verantwoordelikheid om hierdie boeke deur die jaar in 'n goeie toestand te hou.

Aan die einde van die akademiese jaar, tydens die November-eksamen, word handboeke weer ingehandig en teruggeskandeer word. Dit is uiters belangrik dat:

- Leerders hulle name onmiddellik voor in elke handboek skryf.
- Handboeke nie deur die loop van die jaar met ander leerders uitgeruil word nie.
- Leerders toesien dat hulle hul eie boeke by elke klas en aktiwiteit gebruik. Indien 'n handboek tydens die terugskandering nie ooreenstem met die leerder se rekord nie, sal dit as uitstaande aangedui word.
- Ouers is finansieel aanspreeklik vir die vervanging van enige uitstaande of verlore handboeke. Leerders betaal by die Finanskantoor, en neem die bewys van betaling na Me. Martie Crous.

18. PLAGIAAT

Plagiaat is die aanbied, sonder bronverwysing of toestemming, van 'n ander persoon se teks of ander gepubliseerde, intellektuele produk deur dit voor te doen as die oorspronklike werk van die persoon wat hoop om daaruit voordeel te trek. Die skool verstaan dat hulpbronne soos ChatGPT gebruik kan word, maar leerders maak hulle soms skuldig aan plagiaat, omdat hulle artikels woord vir woord afskryf en aanbied as hul eie werk in take. Leerders mag ook nie take by mekaar afskryf en as hul eie werk ingee nie. Indien slegs enkele opskrifte of name verander word, maar die inhoud is verder woord vir woord dieselfde, tel dit steeds as plagiaat en ook oneerlikheid.

Let asseblief daarop dat leerders baie punte vir 'n taak kan verloor/nul kan kry indien hulle hul skuldig maak aan die volgende:

- indien 'n leerder iemand anders se werk net so neerskryf.
- woordelike oorskrywing van sinne en paragrawe uit een of meer bronne sonder erkenning.
- parafrasering van sinne of paragrawe, terwyl 'n beduidende hoeveelheid van die oorspronklike teks gebruik word, sonder erkenning.
- indien inligting vanaf die internet gekopieer en geplak word (*copy and paste*) sonder om erkenning aan die bron te gee.
- vir groepprojekte, die wanvoorstelling van groeplede se individuele bydraes waar individuele insette geïdentifiseer moet word.
- wanneer 'n leerder iemand vra om 'n werkstuk namens hulle te skryf.

Wat moet die leerders verwys in hul werk?

- Enige idees wat nie joune is nie, maar wat jy gehoor, gelees, op die internet gesien of in 'n boek gelees het.
- Wanneer jy inligting uit 'n ander bron neem, soos die internet, wat jy dan in 'n werkstuk gebruik.
- Selfs wanneer jy die idee in jou eie woorde omskryf, (parafraseer), is dit steeds nodig om die bron te noem.
- Wanneer jy iemand anders se direkte woorde wil gebruik, moet jy aanhalingstekens gebruik.

19. MERIETE-AANDE

Akademiese meriete-aande word jaarliks in Februarie gehou. Graad 8 en 10 vind plaas op 10 Februarie 2026 en Graad 9 en 11 vind plaas op 11 Februarie 2026. Besonderhede rakende die funksie sal per omsendskrywe en uitnodiging gekommunikeer word.

20. ROOSTERS

Die toetsreeks sal plaasvind volgens die geskeduleerde rooster wat kwartaalliks beskikbaar gestel word via D6. Die toetsreeks-assesserings vind plaas op Maandag, Woensdag en Vrydag, en word nie meer aan 'n roosterdag gekoppel soos die verlede nie. U moet asseblief daarop let dat daar ander formele assesserings is wat ook moet plaasvind volgens departementele riglyne, wat saam met die verloop van die toetsreeks bestuur sal word, maar ons beperk dit tot twee toetse per dag.



21. SELFON

Selfone mag nooit sigbaar wees in die klasse nie. Indien dit wel sigbaar is, moet die personeel dit konfiskeer, in 'n koevert verseël en die selfoon mag weer aan die einde van die volgende skooldag in die algemene kantoor by Ontvangs, afgehaal word. Sien ook punt 30.

22. SENTRUM VAN UITNEMENDHEID

Dit is 'n naskoolse program by Hoërskool Eldoraïne wat daarop gemik is om leerders se talente en vermoëns buite die gewone skoolure verder te ontwikkel.

Watter aktiwiteite word aangebied?

AKTIWITEIT	BESKRYWING / BESONDERHEDE	BESONDERHEDE	ORGANISEERDER & KONTAK
Alpha Wiskunde	Verrykende Wiskunde klasse om voor te berei vir universiteit; stimuleer wiskundige denke.	- Graad 9: Oggend 6:30–7:25 - Graad 10–12: Middagklas - Kostes: Gr. 9-11 = R2 900; Gr. 12 (eksamenjaar) = R3 500	Organiseerder: Me. C Braybrooke Kontak: braybrookec@hseldo.co.za / 083 626 8331 Ander personeel: Me. C Meets & Me. A Hauman
Dansstudio	Dansklasse, deelname aan eksamens van SABOD, kompetisies en 'n jaarlikse vertoning by 'n teater.	- Maandae & Dinsdae 14:00-19:00 - Koste: R450 per maand	Organiseerder: Me. Carol Etsebeth (CDW School of Dancing) Etsebethcarol@gmail.com / 072 150 6760
Drama Akademie	Groep- en (individuele) klasse om talent in drama te ontwikkel, ook afgestem op individuele behoeftes van leerders.	- Klastye: groep-klasse tydens die jaar; individuele klasse 30 minute, - Kostes: R380 per maand.	Organiseerder: Me. Ansie de Beer info@melodramatic.co.za 079 960 6680
Eldo Musiq	Individuele musikale lesse in verskeie instrumente; daar is ook 'n skoolorkes gevorm deur leerders.	- Orkes oefeninge: Maandagaand 17:00-18:00 - Instrumente insluitend klavier, viool, kitaar, baskitaar, ukulele, ens.	Organiseerder: Mnr. Andy Swart (swarta@hseldo.co.za)
Fotografie	Kursus wat verskillende style en geskiedenis van fotografie dek; projekwerk, kreatiewe ontwikkeling.	- Donderdae 15:45-16:45 - Kostes: Registrasie fooi + kwartaalfooi (sien webblad)	Organiseerder: Me. Bernize Coetzer info@futurephotographerz.com / 082 516 6310
Frans	Leer Frans as 'n taalvakkundige uitbreiding; ook voorbereiding vir internasionale eksamens (DEL F).	- Een klas fisies per week + een aanlyn klas per groep/vlak soos nodig - Kostes: R7000 per module van ongeveer 30 sessies (± 5 maande).	Organiseerder: Me. Elsie Henn henne@hseldo.co.za Me. Henn kan ook vir Gebare-taal en Duits gekontak word.



Good Vibes Guita	Privaat kitaarlesse vir beginners tot gevorderdes; verskeie style.	Na skool; koste volgens program per individu geen ervaring nodig nie.	Organiseerder: Mnr. Francois Kleynhans frana.kleynhans@gmail.com / 062 041 9917
Kuns	Kreatiewe visuele kuns: teken, skilder, lino-blok druk, ensovoorts. Klasse sal slegs plaasvind indien daar genoeg belangstelling is.	- Elke Donderdag 14:00-16:00 - Koste per kwartaal (verskillende kostes vir materiaal)	Organiseerder: Me. Sunette Pearce pearces@hseldo.co.za
Modelskool	Modelwerk, fotograaf-samewerking, loopplank, spel van onderhoude, voorkoms, ensovoorts.	- Klastye: Donderdae en Vrydae vanaf 14:15 - Koste: R1 350 per kwartaal.	Organiseerder: Me. Valerie Begbie voguemodelsa@gmail.com / 072 663 1363
Olimpiades, Spelathon en Taalbond-eksamen	Akademiese kompetisies en eksamens in vakgebiede; inskrywing by hul vakonderwysers.	Deelnemers skryf in by vakonderwysers; tye volgens vak en toetse.	Vakonderwysers sal advertensie deel.
VasgeINK-skryfskool	'n Skryfskool oor drie jaar waarin leerders bemagtig word om hul eie storieboek te skryf, onder mentorskap deur onderwysers en gepubliseerde skrywers.	- Eerste jaar: Dinsdae 15:00-16:00 - Tweede jaar: Donderdae 14:15-15:15 - Derde jaar: 14:15-15:15 - Kostes: R360 per maand.	Organiseerder: Me. Sunel Combrinck combrincks@hseldo.co.za / 082 257 1977
Vliegakademie	Leer vliegopleiding; vanaf graad 8 kan leerders begin, en vanaf 16 met spesifieke strukture; op Wonderboom lughawe; moontlik privaat vlieënierlisensie later.	- Dinsdae 14:15 - Kostes: ~R900 per maand (van Februarie tot November) vereiste ouderdom/ID vir spesiale lisensies.	Organiseerder: Me. Marietjie le Roux proav@proaviation.co.za / 082 948 5942
Voortrekkers	Leierskapontwikkeling, vaardighede, waardegebaseerde ontwikkeling, kampe en groepsaktiwiteite.	- Maandae 17:00-18:00 (of alternatiewe tye afgespreek) - Lidmaatskap R800 per jaar; kampe/ekstra aktiwiteite is addisioneel.	Organiseerder: Me. Mandie Kapp mandiekapp@telkomsa.net / 074 779 0949

23. SKOOLFONDS

Skoolfonds: R48 510 per jaar en as volg betaalbaar:

- Eenmalig voor 31 Maart 2026: 5% korting.
- 11 maandelikse paaiemente (R4 410/mnd) vanaf Januarie tot November 2026.

Betalings kan per debietorder, internet bankdienste of kaart gemaak word.





24. SLUITKASSIES

Die volgende reëlings geld met die huur van sluitkassies:

- ❖ Leerders voorsien self 'n slot vir hul sluitkassie.
- ❖ Geen sluitkassie mag op enige manier beskadig word nie.
- ❖ Geen deure mag omgeruil word nie.
- ❖ Geen graffiti mag op enige sluitkassie, binne of buite, aangebring word nie.
- ❖ Sluitkassies moet op die vasgestelde datum aan die einde van elke kwartaal ontruim word, ter wille van herstel, onderhoud en plaagbeheer.
- ❖ Sluitkassies mag net voor skool, gedurende pouses en na skool besoek word.
- ❖ 'n Leerling wat hom/haar aan enige van bogenoemde oortredings skuldig maak, sal die reg om 'n sluitkassie te huur, verbeur.
- ❖ Geen waardevolle items mag in die sluitkassies geplaas word nie.
- ❖ Die skool aanvaar GEEN verantwoordelikheid vir diefstal uit die sluitkassies nie.

Enige navrae kan aan Me. L. James (jamesl@hseldo.co.za) gerig word. Hiermee die reëlings vir die uithuur van sluitkassies vir 2026:

- Daar is tans 'n beperkte aantal sluitkassies. Ons wil graag versoek dat leerders wat sport beoefen, eerste die geleentheid gegun word om sportsluitkassies te bekom; veral: krieket, skyfskiet, tennis- en hokkieleerders.
- Alle besprekings word deur die onderskeie graadvertegenwoordigers, volgens die vasgestelde skedule hanteer.
- Koste en tydperk van gebruik is as volg:



Opsie 1
Sportsluitkassie
R500 per jaar



Opsie 2
Groot sluitkassie
R400 per jaar

Die volgende personeel kan vir verhuurings en graadspesifieke navrae gekontak word:

- Graad 12: Me. J. Botha (bothaj@hseldo.co.za)
- Graad 11: Me. M. Schrama (schramam@hseldo.co.za)
- Graad 10: Me. B. Coetzee (coetseeb@hseldo.co.za)
- Graad 9: Me. L. Mentz (mentzl@hseldo.co.za)
- Graad 8: Me. A. Viljoen (viljoena@hseldo.co.za)

25. SPORT

Die skool se missie is om leerders nie net akademies te laat groei nie, maar ook hul gawes en talente in sport en buitemuurse aktiwiteite te ontwikkel. Sport dra by tot karakterbou, dissipline, spanwerk, selfdissipline en 'n gesonde lewe.

- | | | | |
|--------------|---------------|------------|-------------|
| ▪ Skyfskiet | ▪ Sagtebal | ▪ Rugby | ▪ Bergfiets |
| ▪ Perdesport | ▪ Swem | ▪ Netbal | ▪ Gholf |
| ▪ Landloop | ▪ Trompoppies | ▪ Hokkie | ▪ Tennis |
| ▪ Boogskiet | ▪ E-sport | ▪ Krieket | ▪ Muurbal |
| | | ▪ Atletiek | ▪ Skaak |



As ouer speel u 'n belangrike rol:

- Moedig u kind aan om deel te neem — of dit nou groot spanne is of kleinsport — om hul talent en belangstellings te ontdek.
- Wees op hoogte van oefentye, spanne en kommunikasie via die skool se D6-platform en kalender.
- Ondersteun die balans tussen akademie en buitemuurse betrokkenheid: sport is deel van die opvoedkundige visie, nie net addisioneel nie.

GEDRAGSKODE VIR SPELERS:

As Hoërskool Eldoraïne sportdeelnemer onderneem ek:

- ❖ Om altyd goeie sportmangees voorop te stel.
- ❖ Mee te ding om te wen.
- ❖ Om te streef na uitnemendheid.
- ❖ Werk hard vir jou span en vir jouself.
- ❖ Behandel jou spanmaats en opponente soos wat jy behandel wil word.
- ❖ Om binne die reëls te speel.
- ❖ Om respek te wys vir afrigters en skeidsregters.
- ❖ Ek verbind my tot onberispelike gedrag op en van die veld af.
- ❖ Ek verbind my tot 'n rook-, dwelm- en alkoholvrye sportomgewing.
- ❖ Tot stiptelikheid ten opsigte van oefeninge en wedstryde.
- ❖ Die skool se naam altyd hoog te hou.
- ❖ Om nie my afrigter in die teenwoordigheid van ander te kritiseer nie.
- ❖ Om gesonde eetgewoontes te handhaaf om optimaal te presteer.
- ❖ Geniet die sport met oorgawe.
- ❖ Respekteer die legitimiteit en outoriteit van personeel en afrigters.
- ❖ Om op geen wyse teen ander leerders te diskrimineer nie.
- ❖ Om beskikbaar te wees soos wat die skool my aanwend.
- ❖ Om altyd alle skoolreëls na te kom.

GEDRAGSKODE VIR OÜERS

As Eldo-ouer onderneem ek om die volgende na te kom:

- ❖ Moedig my kind aan om deel te neem.
- ❖ Bevorder goeie sportmanskap en lei deur voorbeeld.
- ❖ Wees bedagsaam in my kommunikasie met afrigters en beamptes.
- ❖ Moedig eerlike deelname, goeie vaardighede en spanlojaliteit aan.
- ❖ Laat nuwe ouers welkom voel.
- ❖ Moenie inmeng met afrigting en verwante sake nie.
- ❖ Ondersteun 'n rook-, dwelm- en alkoholvrye sportomgewing vir spelers.
- ❖ Ondersteun my kind, ongeag in watter span hy/sy speel.
- ❖ Wees altyd daar vir hom/haar – ook as hulle verloor het.
- ❖ Stel hoë standaarde vir hom/haar, maar gee altyd die nodige erkenning.
- ❖ Prys toegewydheid – meer as resultate.
- ❖ Moet nooit die afrigter in my kind se teenwoordigheid kritiseer nie – dit sal hom/haar net verwar.
- ❖ Vermoed die algemene Suid-Afrikaanse mentaliteit dat dit die afrigter/skeidsregter se skuld is.
- ❖ Moenie die wenmotief oorbeklemtoon nie – dit lei tot die vrees vir mislukking.
- ❖ Moenie my eie sportloopbaan (of gebrek daaraan) deur my kind leef nie.
- ❖ Moenie langs die veld staan en skreeu nie – dit is 'n verleentheid vir my kind.
- ❖ Hanteer spelers van ander skole met respek.

26. VAKVERANDERINGE

Vakveranderinge word deur die fasehoofde hanteer en slegs binne die tydlyn en riglyn wat deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) deurgegee. Hier volg die toegelate vakveranderinge:

GRAAD 10 MAART	GRAAD 10 JUNIE TOT GRAAD 11 MAART
Toegelaat: ▪ Lewenswetenskappe ▪ Besigheidstudies ▪ Geskiedenis ▪ Toerisme ▪ IGO (indien TT in Gr 8 en 9 geneem is) ▪ Drama ▪ Gasvryheidstudies ▪ RTT	Toegelaat: ▪ Besigheidstudies ▪ Geskiedenis ▪ Toerisme ▪ IGO (indien leerder in Gr 8 en 9 TT gehad het) ▪ Drama

Nie toegelaat nie: - Fisiese Wetenskappe - Elektronika - IT - Ontwerp / Visuele Kuns	Nie toegelaat nie: - Fisiese Wetenskappe - Elektronika - IT - Ontwerp / Visuele Kuns - Gasvryheidstudies
Uitsonderings op aanbeveling van Bestuur toegelaat: - Rekeningkunde - Geografie	Uitsonderings op aanbeveling van Bestuur toegelaat - Rekeningkunde - Geografie - RTT

Indien u onseker is, is u welkom om die fasehoofde te kontak:

- Graad 8 en 9: pearces@hseldo.co.za
- Graad 10-11: ottee@hseldo.co.za

'n Vakveranderingsheffing van R130 sal gehêf word op enige vakverandering. Die rede hiervoor is dat 'n leerder wat vakke verander 'n nuwe handboek en nuwe skrif moet ontvang. Dit het in die verlede baie druk op ons LTSM – kostes gesit.

Geen vakveranderinge word deur die DBO in Graad 12 toegelaat nie.

27. VAKHEFFINGS

Die volgende keusevakke het 'n eenmalige, jaarlikse heffing:

AKADEMIESE SENTRUMFOOIE					
BESKRYWING	GRAAD 12	GRAAD 11	GRAAD 10	GRAAD 9	GRAAD 8
Dans				R200	R200
Elektronika	R800	R800	R800	R200	R200
Gasvryheidstudies (Sjefdrag ingesluit by Gr. 8 en Gr. 10)	R900	R900	R1,560	R400	R550
IT	R500	R500	R500		
Kuns & Ontwerp				R200	R200
Ontwerp	R500	R500	R500		
RTT	R500	R500	R500	R200	R200
Robotika en Kodering				R1,500	R1,500
Siviele Tegnologie		R800	R800		
Visuele Kunste	R500	R500	R500		

Let wel: Leerders met skoolfondsvrystelling moet steeds die jaarlikse vakheffings vir hul keusevak betaal.

28. VOORKOMS

Om seker te maak dat leerders maklik hul voorkoms netjies en volgens skoolreëls kan hou, raai ons u aan om na die ontwerpe vir voorkoms te verwys wat met u gedeel is, en na die gedragskode te verwys.

29. UITTEKEN

Wanneer 'n leerder wil uitteken, moet dit skriftelik (en vroegtydig) per brief of per e-pos aan die graadhoof geskied. Leerders bring hulle brief voor skool, in voogperiode of gedurende pouse, na die graadhoofde toe. Geen leerders word tydens 'n akademiese periode uitgeteken nie, so personeel moet asseblief nie leerders verskoon tydens akademiese periodes vir die versoek nie.



30. VERANDERINGE VAN VORIGE JARE WAARVAN U BEWUS MOET WEES

- **Hersieningsklasse:**
Intervensieklasse word hierdie jaar vervang met hersieningsklasse. Die skedulering bly dieselfde volgens 'n rooster wat gedeel word, maar die fokus verskuif om meer gefokus op hersiening te wees.
- **Vakveranderinge:**
Neem kennis van die veranderinge aan die vakveranderinge wat volledig in die dokument uiteengesit word.
- **Matriekafskied:**
Daar is voortaan 'n kriteria vir bywoning van die matriekafskied, wat ingestel is om skoolbywoning in graad 12 – hul belangrikste akademiese jaar – doelbewus aan te moedig en om positiewe gedrag as voorreg vir deelname aan die matriekafskied te beloon: leerders met meer as 15 ongeldige afwesigheidsdae of meer as 500 debiete sal nie toegelaat word om die funksie by te woon nie.
- **Selffoonbeleid:**
Die skool gaan voortaan die selffoonbeleid baie strenger toepas. Hoewel baie skole 'n volledige geen-selffoonbeleid implementeer, bring dit ander logistiese uitdagings mee. Ons glo dit is belangriker dat leerders verantwoordelike digitale gewoontes aanleer en leer om tegnologie binne 'n gestruktureerde raamwerk verantwoordelik te gebruik.
Ons vertrou dat ouers hul volle samewerking sal gee met die eskalerende strawwe vir selffoongebruik tydens skooltyd:
 - Eerste oortreding: Konfiskering van die selffoon tot die einde van die daaropvolgende skooldag.
 - Elke daaropvolgende oortreding: 'n Addisionele dag word bygevoeg tot die tydperk van konfiskering.
- **WhatsApp-kommunikasie**
Ons gaan in 2026 meer WhatsApp se *broadcast*-fasiliteit gebruik om vir alle ouers en leerders ingelig te hou. Vir die funksie moet die Eldo-Admin 2026 as kontak op u foon gestoor wees. U sal in 2026 'n skakel ontvang met die uitnodiging om die nommer as kontak te stoor – dit is baie belangrik dat u dit wel sal doen. Ons herinner ook dan vriendelik dat alle navrae na onderwysers per e-pos moet geskied, asseblief.

31. VERTEENWOORDIGENDE LEERDERRAAD (VLR)

Dit is 'n groot voorreg om tot die Verteenwoordigende Leerraad (VLR) van die skool verkies te word. Die VLR dien as die amptelike stem van die leerders, bevorder goeie leierskap en help om kommunikasie tussen leerders en die skoolbestuur te versterk.

Die VLR word demokraties deur die leerders verkies. Slegs leerders stem vir hul eie graad se verteenwoordigers. Volgens wetgewing mag daar slegs 20 stemgeregtigde VLR-lede verkies word. In die gees van inklusiwiteit, leierskapsontwikkeling en geleenthede vir meer leerders, koöpteer die skool 'n verdere 20 leerders per graad. Hierdie gekoöpteerde leerders kry volle blootstelling aan VLR-aktiwiteite en leierskapsontwikkeling, maar het nie stemreg nie.

Die Graad 12 VLR word jaarliks in Augustus verkies. 'n Leerder mag nie staan vir die Graad 12 VLR indien hul:

- nie onderneem om skoolbeleide te ondersteun en onderskraag nie.
- in die afgelope 12 maande hom/haarself skuldig gemaak aan ernstige wangedrag (verbode substansie, diefstal, gevaarlike gedrag, boeliegedrag (fisies of verbaal))
- skuldig aan 'n patroon van ongedisiplineerde gedrag / wangedrag is (drie ernstige oortredings soos gereflekteer in die leerder se gedragsrekord)



Vanuit die verkose Graad 12 VLR-lede word leerders genooi om aansoek te doen vir die Dagbestuur van die VLR, as komiteevoorsitters van:

- Akademie
- Sosiaal
- Welwillendheid
- Sport
- Kultuur
- Hoofseun en Hoofdogter

In hierdie rondte stem die stemgeregtigde VLR, Graad 12 VLR en personeel. Slegs leerders wat aan die volgende minimum kriteria voldoen, mag vir die dagebestuur aansoek doen:

- 'n Akademiese gemiddeld van minstens 65%
- Aktiewe deelname aan sport-, kultuur- en ander skoolaktiwiteite
- 'n Maksimum van 200 debiete op die gedragsverslag vir die Graad 10 en 11-jaar onderskeidelik
- Die kandidaat moet bereid wees om vir die Uitvoerende Komitee van die VLR in 2026/7 te staan.

Laastens, in Februarie word die hoogste leierskapstruktuur in die skool verkies, die Uitvoerende Komitee. Die vyf leerders het sitting op die Beheerliggaam, en verteenwoordig die skool se belange daar.

Die kriteria vir VLR-verkiezing word reeds vroeg aan graad 8–11-leerders bekendgemaak, sodat hulle kan verstaan dat hul totale skoolloopbaan, gedragsrekord en betrokkenheid oor jare heen in ag geneem word wanneer leierskapgeleenthede in graad 12 toegeken word. Deur hierdie riglyne vroeg te kommunikeer, wil die skool leerders aanmoedig om doelbewuste, verantwoordelike keuses te maak en te besef dat 'n patroon van wangedrag langdurige gevolge kan hê wat later tot spyt kan lei. Ons hoop dat hierdie bewustheid leerders sal motiveer tot volgehoue positiewe gedrag, selfdisipline en betrokkenheid, met die oog op toekomstige leierskap.

32. WOOLIES MAKE A DIFFERENCE

Met die toenemende finansiële druk wat skole beleef, is derdestroominskomste soos die Wrewards-program 'n groot seën vir skole. Ons is opgewonde om steeds deel te wees van die Woolies MyDifference-program, en jy kan ons help om fondse in te samel deur eenvoudig jou alledaagse inkopies soos gewoonlik by Woolies te doen.

Elke keer as jy jou MyDifference-kaart op die Woolies-toepassing skandeer, ondersteun jy Hoërskool Eldoraïne — sonder enige koste vir jou!

So doen jy dit:

- 1 Laai die Woolies-toepassing af op *Google Play* of *iStore*.
- 2 Sluit aan by MyDifference.
- 3 Gaan na die Lojaliteitsentrum en klik op "Cause".
- 4 Kies "Choose my own".
- 5 Soek Hoërskool Eldoraïne.
- 6 Kies ons om te help om 'n verskil te maak!

Vir meer inligting, besoek:

 www.woolworths.co.za

Eldo-Kontakgids



WIE MOET EK KONTAK?

Afwesighede/ Graadsake	Stuur 'n e-pos aan die graadhoofde en CC die voogpersoneel-lid. Die personeel se kontakbesonderhede is weer as addendum ingesluit vir u gerief. Graadhoofde se e-pos adresse: Graad 8: eldo2030@hseldo.co.za Graad 9: eldo2029@hseldo.co.za Graad 10: eldo2028@hseldo.co.za Graad 11: eldo2027@hseldo.co.za Graad 12: eldo2026@hseldo.co.za
Akademie	Kontak eerste die betrokke vakonderwyser indien u 'n akademiese bekommernis of navraag het. Indien u 'n saak wil eskaleer, kan u die departementshoof kontak. Afrikaans: (joubertm@hseldo.co.za) Engels: (smiths@hseldo.co.za) Wiskunde: swanepoelg@hseldo.co.za) Wiskundige Geletterdheid: (booysenj@hseldo.co.za) Lewensoriëntering en Beroepsleiding: strydomd@hseldo.co.za) Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: (joggie@hseldo.co.za) Sosiale Wetenskappe: (groenewalds@hseldo.co.za) Natuurwetenskappe: (prinsloom@hseldo.co.za) Tegniese vakke: (vanniekerkc@hseldo.co.za) Inligtingstegnologie: (herbstj@hseldo.co.za) Vakhoof: Kunste: (pearces@hseldo.co.za) Me. Rika Davel (davelh@hseldo.co.za) is die akademiese hoof en kan na skakeling met die departementshoof, ook genader word.
Akademiese mentors	Graad 8: Me. Samantha Pretorius (pretoriuss@hseldo.co.za) Graad 9: Me. Carla Fourie (fouriec@hseldo.co.za) Graad 10: Me. Danielle Coetzee (coetseed@hseldo.co.za) Graad 11: Me. Lana James (jamesl@hseldo.co.za) Graad 12: Me. Charl-marie Meets (meetsc@hseldo.co.za)
Akkommodasies	Implementering van akkommodasie-aansoeke: Mnr. Hein Güldenpfennig (guldenpfennigh@hseldo.co.za) Vir nuwe en heraanseke sal me. Benita du Toit (dutoitb@hseldo.co.za) van ondersteuningsdienste die proses by die Gauteng Departement van Onderwys behartig.
Alumni	Eldo Republiek (info@eldorepubliek.co.za)
Balkies	Vir navrae of aankoop van kleurebalkies, kontak me. Suzette Viljoen (viljoens@hseldo.co.za)
Bemaking	Me. Renaldi Spies (bemaking@hseldo.co.za)
Sekuriteit en noodhulp	Mnr. Herman Vogel (vogelh@hseldo.co.za)
Binnelandse toere	Me. JC Guess (guessjc@hseldo.co.za)





Boeliegedrag / sosio-maatskaplike rapportering	Stuur 'n e-pos aan u kind se graadhoofde.
Beroepsleiding-program	Mnr. Danie Strydom (strydomd@hseldo.co.za)
BreinBoks	Me. Liezel Smith (breinboks@eldorepubliek.co.za)
Buitelandse toere	Me. Anna-Marié Snyman (snymana@hseldo.co.za)
Buitemuurs	Kontak eers die promotor of direkteur. U kan daarna 'n navraag eskaleer aan: Sporthoof: Mnr. Abré Vollgraaff (vollgraaffa@hseldo.co.za) Kultuurhoof: Me. Vinkie Schaap (schaapv@hseldo.co.za) Adjunkhoof: Leerdersake Me. Simóne Grobler (grobler@hseldo.co.za)
Busvervoer	Mnr. Herman Vogel (vogelh@hseldo.co.za)
Dissipline	Mnr. George Tossel (tosselg@hseldo.co.za) kan vir ernstige dissipline sake gekontak word. Handel-en-Wandelnavrae kan aan me. Liezel Barnard gerig word (barnardl@hseldo.co.za)
Eksamen- en toetsroosters	Mnr. Johan Herbst (herbstj@hseldo.co.za)
Eldo-Info	Me. Simóne Grobler (grobler@hseldo.co.za)
Fasehoof	Graad 8/9: Me. Sunette Pearce (pearces@hseldo.co.za) Graad 10-12: Me. Elné Otte (ottee@hseldo.co.za)
Fotodae	Me. Renaldi Spies (spiesr@hseldo.co.za)
Finansies	Skoolfondsnavae: Me. Aletta Reyneke (finansies@hseldo.co.za) Navrae: Me. Adri Dreyer (dreyera@hseldo.co.za) Hoof: Mnr. Joggie du Preez (joggie@hseldo.co.za)
Inskrywings	Voornemende inskrywings: me. Almari Burger (inscrywings@hseldo.co.za) Graad 8-11 inskrywings: eldo@hseldo.co.za
Handboeke / LTSM	Me. Martie Crous (crousm@hseldo.co.za)
HR	Me. Nerina Callaghan (Kontrakte, vakatures en aanstellings, GDO-sake)
Intervensie	Me. Rika Davel (davelh@hseldo.co.za)
Infrastruktuur / Terrein	Mnr. Henning le Grange (legrangeh@hseldo.co.za) en CC vir Mnr. Brian Callaghan (callaghanb@hseldo.co.za)
Jaarblad	Me. Adri Strydom (strydoma@hseldo.co.za)
Klere	Die amptelike verskaffers van ons skool se klere is as volg: • Wierdapark Uitrusters - 012 654 9600 • Henque – 083 268 4927 • Die Groenkas – klere@eldorepubliek.co.za • No Limits – 012 841 0682. Tweedehandse klere: Kontak Me. Liezel Barnard (barnardl@hseldo.co.za)





Kultuur	Kontak asseblief die betrokke promotor vir 'n spesifieke aktiwiteit of me. Vinkie Schaap (schaapv@hseldo.co.za) vir 'n algemene navraag. Sangpromotor: Me. Vinkie Schaap (schaapv@hseldo.co.za) Danspromotor: Me. Amor Le Roux (lerouxa@hseldo.co.za) Koorpromotor: Me. Ameri de Beer (debeera@hseldo.co.za) Musiekpromotor: Mnr. Andy Swart (swarta@hseldo.co.za) Kunspromotor: Me. Sunette Pearce (pearces@hseldo.co.za) Toneelpromotor: Me. Elaine Pansegrouw (pansegruwe@hseldo.co.za) Skryfkuns: Me. Sunel Combrinck (combrincks@hseldo.co.za) Redenaars: Me. Carla Fourie (fouriec@hseldo.co.za) Orators: Me. Joellen Botha (bothaj@hseldo.co.za) Debat: Me. Mariska Coetzee (coetzeem@hseldo.co.za)
Leierskap	Eldoraadhoofde: Me. Aneh van der Berg (vanderberga@hseldo.co.za) en Mnr. Jan van den Berg (vandenbergj@hseldo.co.za)
Meriete-aande	Me. Celeste Braybrooke (braybrookec@hseldo.co.za)
Leerder-administrasie	Rapporte / oorplasinge/ leerderadministrasie Me. Annette Botha (bothaa@hseldo.co.za)
Ondersteuning-sentrum	NB: sielkundige@hseldo.co.za is nie meer in werking nie. - Me. Adri Grobler – Opvoedkundige sielkundige (groblera@hseldo.co.za) - Me. Benita du Toit - Administrasie en akkommodasie-aansoeke (dutoitb@hseldo.co.za) - Me. Anebel Luus – Maatskaplike werker (luusa@hseldo.co.za)
Reglement	Me. Simóne Grobler (grobler@hseldo.co.za)
SBST	Me. Sunette Pearce (pearces@hseldo.co.za)
Skoolbeleide	Mnr. Retief Smith (smithr@hseldo.co.za)
Sportnavrae	Kontak asseblief die betrokke direkteur/ promotor vir 'n spesifieke aktiwiteit of mnr. Abré Vollgraaf (vollgraaf@hseldo.co.za) vir 'n algemene navraag. Atletiek: Me. Hanlie Truter (truterh@hseldo.co.za) Hokkie: Mnr. Charles Stirling (stirlingc@hseldo.co.za) Mnr. Chadwin Petersen (petersenc@hseldo.co.za) Krieket: Mnr. Le Roux Botes (botesl@hseldo.co.za) Netbal: Me. Marianne Ray (raym@hseldo.co.za) Rugby: Mnr. Deon Anderson (andersond@hseldo.co.za) Sagtebal: Me. Samantha Pretorius (pretoriuss@hseldo.co.za) Ander: Me. JC Guess (guessjc@hseldo.co.za)
Vakverandering	Graad 8-9 Fasehoof: Me. Sunette Pearce (pearces@hseldo.co.za) Graad 10-12 Fasehoof: Me. Elné Otte (ottee@hseldo.co.za)
Vrystellingseise	Me. Anna-Marie Meiring (meiringa@hseldo.co.za)
Welwillendheids-versoeke	Me. Antoinette Viljoen (viljoena@hseldo.co.za)



Skakel na belangrike dokumente



Dankie vir u ondersteuning van ons skool!

